Vredenburgers wat ook moeg vir misdaad is, is van links Derek von Zeuner (Hoërskool Vredenburg-hoof), Braam Cloete (Solidariteit), Jaques van Zyl (Solidariteit), Elise Steyn (Wyksraadslid), Gerhard (Boeta) Smit, kolonel Funani Annastasia Ngonyama (Vredenburgpolisiehoof), kolonel Jakes Fortuin, kaptein Christo de Wet en kolonel Mfihlakalo (Lovers) Patuleni. FOTO'S: JANNIE DU PLESSIS

Bring einde aan bloed, sméék SA, Weskussers

Jannie du Plessis

VREDENBURG het gister saam met 312 dorpe en stede regoor Suid-Afrika aan die grootste protesaksie nog teen misdaad in die land deelgeneem.

Alle deelnemers aan die protesoptogte was in rooi geklee. Ons eie slagoffers soos Gerhard (Boeta) Smit wat op Donderdag 6 Mei op *Weslander* se voorblad verskyn het, nadat by sy huis ingebreek is en hy met 'n panga net langs die oog geslaan is, was deel van Vredenburg se protesgroep.

Hy het 'n memorandum oorhandig aan kolonel Funani Annastasia Ngonyama, Vredenburg-polisiehoof.

Jan van Rensburg van Solidariteit het 'n memorandum aan kaptein Karen Vercuil, waarnemende stasiebevelvoerder by die Saldanha-polisie oorhandig.

In dié memorandum teken Suid-Afrikaners amptelik protes aan teen die bloedige misdaadsituasie in die land en eis optrede van die polisie en regering in hierdie verband.

Die Solidariteitbeweging (Solidariteit, AfriForum en Helpende Hand) het 'n nasionale dag van protes teen misdaad op Woensdag 19 Mei aangekondig om protes teen die haglike misdaadsituasie in die land aan te teken.

Die grootste enkele byeenkoms vir die dag was in Pretoria met derdduisende Pretorianers wat in dié stad byeengekom het om 'n dringende beroep op die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die regering te doen om in te gryp en die verskriklike bloedvergieting in die land tot 'n einde te bring.

Jan van Rensburg van Solidariteit oorhandig die memorandum aan kaptein Karen Vercuil, waarnemende stasiebevelvoerder by die Saldanha-polisie.

Vroue sáám rooi oor misdaad!

Die "Golden oldies"-groep het gister rooi gedra na hul 'spin'-klas in Saldanha ter ondersteuning van gister se nasionale protesaksie teen misdaad. Die Solidariteitbeweging het die protesaksie geïnisieer. Van links: Cynthia Keet, Gill Bessenger, Anna Killian, John de Klerk en heelvoor die 72-jarige Anna Swart.

'n Vredenburgse meubelwinkel se vrouepersoneel het gister rooi aangetrek om hul steun vir die protesaksie teen misdaad te wys. Hulle is van links Cynthia Meyer (verkoopkonsultant), Tania Momsen (bestuurder), Ema Tyers (hoofkassier) en Delicia Baker (voorraadklerk). FOTOS: HELÉNE MEISSENHEIMER

7150 186